# DIE PLEK VAN GELOOFSEKERHEID IN DIE PREDIKING, PASTORALE SORG, EVANGELISASIE EN SENDING IN DIE LIG VAN DIE VERKIESING VAN GOD

*Prof. J. A. van Rooy*

## REFORMATORIESE SEKERHEID

As ons nie aan die ewige, soewereine uitverkiesing van God geglo het nie, sou ons ook nooit sekerheid van ons saligheid kon gehad het nie, tensy ons dit moes soek in die twyfelagtige versekering van spesiale openbarings, wat vanweë die subjektiewe aard daarvan tog nog altyd aan twyfel onderworpe sou moes bly.

Daarom kan 'n mens die uitbundige lofprysing van Paulus verstaan elke keer wanneer hy oor die uitverkiesing van God praat: Hy kan hom nie inhou nie, hy moet sing: „Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom almal die lof toe!" (Ef. 1 : 3). „O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik Sy weë!" (Rom. 11 : 33).

Dan kan 'n mens ook die vrede en vreugde van Luther verstaan toe sy oë vir die eerste keer vir die waarheid van die soewereine genade van God oopgegaan het, en kan jy begryp watter kosbare vonds dit vir Calvyn en die ander eerste geslag Hervormers was.

## ROOMSE TWYFEL

In die Roomse Kerk was daar geen plek vir hierdie heerlike sekerheid nie. In sy boek, „My weg na die lig" [1] skryf Ds. H. J. Hegger dat die Roomse leer van die verliesbaarheid van die genade vir hom altyd 'n remming was in sy omgang met God. Terwyl hy in liefdevolle beskouing versonke was van die Drieënige God of van Jesus Christus, kon daar plotseling die gedagte by hom opkom: „Maar dieselfde God, dieselfde Jesus Christus, waarmee jy jou nou in die innigste liefde verbonde weet, sal miskien eendag jou eens en vir altyd verwerp: ‚Gaan weg van my, vervloekte, in die ewige vuur!' " Vroeër of later moes hy met 'n ligte trilling van onrus die hel onder hom sien gaap.

Maar wanneer hy tot die lig gekom het, dan sê hy: „Wie glo, het die ewige lewe," „niemand kan hulle uit my hand ruk nie" (Joh. 6 : 47; 10 : 28). God self neem die volharding in sy hand. Hy sal die werk van sy hande nie laat vaar nie. Daar is niks meer wat die liefde kan versteur nie. Geen angs vir die hel kan die gloed daarvan temper of die lig daarvan verduister nie.

In die gebed waarmee hy die boek begin, sê hy: „Vader, ek voel my nou volkome veilig by U. Ek is nou nie meer bang nie. U weet hoeveel ek gely het; hoe ek gekwel is deur vlymende angste; hoe my binneste deur onsekerheid gemartel is. En nou is alles so rustig. Nou adem my siel vrede, vrede. U adem die vrede uit oor my siel" [2].

Dit was 'n vrede wat die Roomse leer jou nooit kon gee nie. Selfs Augustinus, wat aan die predestinasie geglo het, het die wedergeboorte verliesbaar geag [3]. Trouens, hy was die Roomse

sakramentsleer toegedaan, wat leer dat alle gedooptes deur hulle doop, wat ex opere operato werk, wedergeborenes is.

Wat die uiteensetting van hierdie leer betref, glo ek dat Calvyn ons betroubaarste gids is vir die verklaring van wat die Bybel leer. Calvyn was nie volmaak nie, maar hy was, ook in sy beoefening van die Dogmatiek, 'n eksegeet deur Gods genade, betroubaar en gebalanseerd. Waar in die loop van die geskiedenis van Calvyn se spore en aksente afgewyk is, het dit gewoonlik tot ontsporing en deformasie gelei. Daarom sal ons heelwat aandag gee aan wat hy sê.

Vir meer besonderhede verwys ek u na die uitnemende artikel van prof. P. J. Coetzee oor „Die leer van Calvyn oor die sekerheid van die geloof" [4].

WAAROP RUS ONS GELOOF?

Die mees opvallende en kenmerkende van die siening van Calvyn in onderskeid van sommige van sy latere volgelinge, is dat hy *die grondslag van die geloof gevind het in God se beloftes in sy Woord.* „Daar is vir God geen groter lof en eer as wanneer sy Woord so 'n vaste geloof vind nie. Sonder hierdie roem bestaan die Christendom nie" [5].

„Die krag van die geloof is daarin geleë dat dit aan God se beloftes vasklem, dat dit in die volbragte werk van Christus rus en also van nature sekerheid is" [6].

„Calvyn aarsel nie om te sê dat ons sekerheid moet word tot stoutmoedigheid wat selfs duiwels en engele uitdaag nie, omdat die gewete vas rus in die Woord en die belofte en daarin vrede en kalmte gewaarborg vind" [7].

„Ons geloof met die sekerheid as bestanddeel is in homself tog swak. Ons is swak, sê Calvyn, maar die saligheid is vas. Die geloof is meestal klein of middelmatig, terwyl God dit tog die erenaam van geloof waardig keur.... Dit sluit die sekerheid en die opregtheid van die geloof nie uit nie, maar in, al het die gelowige 'n voortdurende stryd met sy gebrek aan vertroue" [8].

Hierdie selfde sekerheid loop soos 'n goue draad dwarsdeur die Heidelberger, vanaf die eerste vraag, „dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe aan my getroue Saligmaker behoort," deur Vraag 21: „Die ware geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertroue", en Vr. 44 i.v.m. die neerdaling ter helle van die Here Jesus: „dat ek in my swaarste aanvegtinge seker kan wees dat my Here Jesus Christus.... my van die helse benoudheid en pyn verlos het", tot by Vr. 54, oor die heilige, algemene Christelike kerk: „dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly!" Ek noem hier maar net 'n paar spitse uit baie.

Hierdie sekerheid word in die Nuwe Testament gedurig teruggelei na die ewige verkiesing van God.

„KEN" IN DIE SKRIF

Wanneer die Here Jesus in Joh. 10:27—28 praat van sy skape dan sê Hy vooraf: *„Ek ken hulle"*, en daarop volg die woorde dat hulle na sy stem luister. Dit staan eksegeties bo alle twyfel vas,

ondanks die proteste van Arminiaanse eksegete, dat hierdie „ken", of „voorkennis" van die Skrif presies dieselfde is as uitverkiesing. Dit gaan nie om 'n bloot intellektuele wete nie, maar om liefde van ewigheid af. Daarom is dit ook volkome korrek wanneer die Nuwe Afrikaanse vertaling dit op plekke soos Romeine 8 : 29 en 1 Petrus 1 : 2 dit vertaal met „vooraf bestem" of „verkies". En op grond van hierdie verkiesende voorkennis sê die Here Jesus dan dat sy skape nooit tot in ewigheid verlore sal gaan nie.

Dieselfde volgorde van gedagtes vind 'n mens in die Hoëpriesterlike gebed (Joh. 17 : 6): „Hulle het aan U behoort en U het hulle aan My gegee." Eers het hulle aan die Vader behoort, nog voordat hulle die Here Jesus geken het, en op grond daarvan het die Vader hulle aan die Seun gegee.

Daarom is die noem van die verkiesende liefde van God vir Paulus altyd 'n rede tot roem, (kaúchêma), tot 'n loflied. God se soewereine genade is nooit vir Paulus 'n struikelblok of 'n rede tot twyfel nie, maar inteendeel, net tot dankbaarheid en sekerheid. Lees bv. Rom. 5 : 8—11; 8 : 28—39; 11 : 29; Fil. 1 : 6.

## HOE KAN EK WEET?

Omdat die Skrif leer, en Calvyn dit aanvaar het, dat net die uitverkorenes deur die dood van Christus met God versoek is, volg dit dat hierdie sekerheid net vir die uitverkorenes bedoel is. Dit het deur die eeue die vraag na vore gebring: „Hoe kan ek dan weet of ek 'n uitverkorene is?" Tallose Calviniste het hieroor begin spekuleer en dan hierdie vraag verder gevoer tot die konsekwensie: „As net die uitverkorenes die gawe van die geloof ontvang, hoe kan ek dan glo as ek nog nie weet dat ek 'n uitverkorene is nie?" Die gevolg was 'n eindelose onsekerheid. Ons kom hierop terug.

Vir Calvyn was dit geen probleem hierdie nie. Sy antwoord was eenvoudig: „Glo in die Here Jesus en jy sal gered word." Daarom hamer Calvyn gedurig in sy kommentare daarop dat die saligheid, die ewige lewe, aan elkeen sonder onderskeid aangebied word. (Om een of ander rede het sommige van ons aanstoot geneem aan die term „aanbied" as dit om die evangelie gaan, maar vir Calvyn en sy dissipels was dit 'n algemeen gebruikte term).

In sy kommentaar op 2 Petrus 3 : 9 sê hy dat in die Evangelie God die hand aan elkeen sonder onderskeid aanbied. Presies dieselfde gedagte word uitgespreek in die kommentaar op 1 Tim. 2 : 4: „God wil die evangelie aan almal sonder onderskeid *aanbied*"[9].

## GOD WIL NIE HÊ DIE GODDELOSE MOET VERLORE GAAN NIE

Ek wil net op Calvyn se eksegese van een Skrifgedeelte breedvoeriger ingaan, nl. Eseg. 18 : 23: „Het Ek miskien 'n behae in die dood van die goddelose, spreek die Here HERE? Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?" Hierby skryf Calvyn: „Daar is niks wat God vuriger begeer nie as dat die mense wat op pad is om verlore te gaan en op die vernietiging aanstorm, moet terugkeer na die veilige weg.... En die kennis van saligheid bestaan hierin dat 'n mens die genade wat Hy ons in Christus

*aanbied*(!) omhels. Hieruit volg dat dit waar is wat die profeet sê, dat God nie wil hê dat die sondaar sterf nie, want Hy ontvang daardie sondaar uit sy eie. Nie alleen is Hy gewillig om almal wat na sy ontferming vlug, te ontvang nie, Hy gaan selfs sover om hulle met 'n harde stem na Hom toe te roep wanneer Hy sien hoe ver hulle van alle hoop op veiligheid vervreemd is...."

„Dus aanvaar ons dat God nie wil hê dat 'n sondaar moet sterf nie, aangesien Hy almal van hulle eweveel tot bekering roep, en belowe dat Hy bereid is om hulle te ontvang as hulle maar net opreg berou het.

„As enigiemand met die teenwerping sou kom: ,In hierdie geval is daar dan geen verkiesing deur God waarvolgens 'n vasgestelde getal mense vir saligheid voorbestem het nie," dan lê die antwoord voor die hand: Die profeet praat nie hier van God se verborge raad nie; wat hy doen is om mense in ellende uit hulle wanhoop terug te roep sodat hulle die hoop op vergifnis mag aangryp, hulle mag bekeer en die verlossing wat hulle aangebied word, mag omhels."

Dan sê hy verder: „Ons moet nie daaroor verbaas wees dat ons oë deur hierdie felle lig verblind word nie, sodat ons nie met sekerheid kan oordeel hoe dit dan moontlik is dat God wil hê dat alle mense gered moet word, en nogtans al die verworpenes vir ewige vernietiging bestem het nie, en ook wil hê dat hulle verlore moet gaan. Aangesien ons nou soos in 'n spieël in 'n raaisel sien, moet ons tevrede wees met dit wat ons self kan verstaan.... God wil op sy woord geneem word.... Die profeet is nie hier besig om oor die fyn onderskeidings van God se verborge plan te diskusseer nie, maar hy wil ons aandag skerp op God se Woord toespits."

Dit is wat Calvyn konsekwent gedoen het: anders as sommige van sy latere dissipels, het hy geweier om verder te gaan as wat God se Woord ons openbaar het. Hy wou nie sy mensehande na die wag-'n-bietjie bos van God se verborge raad uitsteek en dieper kyk en dink as wat 'n sondaar pas nie.

## 'N GEBED VAN CALVYN

Direk na hierdie woorde volg die gebed waarmee Calvyn elke lesing van hom afgesluit het: „Gee ons, o Almagtige God, aangesien ons in onsself verlore is, dat ons die begeerte mag hê om die lewe te vind waar dit vir ons weggelê is, nl. in u Seun, en gee ons die genade om daardie genade wat vir ons in die offer van sy dood ten toon gestel is, so te mag omhels dat ons deur sy Gees wedergebore mag word, en ons so as wedergeborenes volkome aan U mag toewy...."

In die daaropvolgende lesing, oor vs. 32 van dieselfde hoofstuk, sê Calvyn: „Waarom het God geen behae in die dood van die een wat verlore gaan nie? Omdat Hy almal tot bekering oproep en niemand verwerp nie.... Daar is dus niks twyfelagtig of netelig in hierdie gedeelte nie, en bowendien moet ons daarvoor oppas om deur spekulasies wat te diep is vir ons, afgelei te word. God wil nie hê dat ons in sy verborge raad moet indring nie. Sy ver-

borge dinge is vir Homself, sê Moses (Deut. 29 : 29), maar hierdie boek is vir ons en ons kinders."

## DIE BEGIN VAN DIE AFBUIGING

In die latere tydperk van die Reformasie het daar 'n afbuiging van die fokus van sekerheid gekom. Waar dit by Luther en Calvyn op die sekerheid van God se belofte in sy Woord gerig was, is later al hoe meer die sekerheid gesoek in die getuienis van die werke as bewys van die verkiesing. K. Dijk betoog dat by Theodore Beza, Calvyn se opvolger in Genéve, en by Gomarus e.a., die klem *eensydig* op die werke as grond van sekerheid geval het [10].

Met dat die eerste bruidstyd van die nuutontdekte sekerheid verbygegaan het, het mense begin opmerk dat daar ook by sommige ware gelowiges, wat Christus van harte omhels het, tog nog twyfel kon bestaan of hulle wel die *reg* gehad het om Christus te omhels, en of hulle nie dalk ondanks alles tot die kring van die verworpenes behoort het nie. Dit sluit verwante en vriende van die Reformatore self in.

En die waarheid kan nie geloën word nie dat baie egte gelowiges hierdie aanvegtinge het. Dit is 'n werklikheid wat deur die Westminster Confession en die Dordtse Leerreëls erken word, nl. dat sekerheid wel tot die wese van die geloof behoort, maar dat almal „nie altyd hierdie volle vertroue van die geloof en hierdie sekerheid van die volharding voel nie" [11]. Die opstellers van hierdie belydenisse was nie studeerkamerteoloë nie. Die meeste van hulle was predikante wat die swakhede van die gemeente geken het. Dit is pastorale bewoënheid wat uit hierdie artikels spreek.

## DIE SLINGER SWAAI DEUR

Ongelukkig het die oeroue verskynsel hom weer voorgedoen dat, toe die slinger eenmaal begin swaai het, hy deurgeswaai het na die uiterste, met die gevolg dat naderhand algemeen aanvaar is dat die versekering nie met die geloof self gegee is nie, maar dat daar eers 'n lang stryd van twyfel en aanvegting behoort te wees, 'n lang en opdraende pad waarlangs die geloof uiteindelik die spits van sekerheid bereik het. Hierdie worsteling het hoofsaaklik daarin bestaan dat in die mens self gesoek is na die tekens van 'n wedergeborene. Meer nog: dit het so langsamerhand die norm geword [12].

Hier is die weg van die Reformatore verlaat en is die eerste saad gesaai van die legalistiese en mistisistiese trekke wat in so 'n groot mate die Calvinisme van die laat sewentiende en die agtiende eeu gekenmerk het. Die Bybels-reformatoriese siening neem sy beginpunt op die hoë bergspits van God se soewereine genade en troue liefde. Die *grond* van die sekerheid lê nie in jouself of in jou werke nie; selfs nie in jou geloof nie, maar in Christus, in wie God jou uitverkies het.

## RASIONALISME EN DOOIE ORTODOKSIE

Sowel Herman Bavinck [13] as John Macleod [14] beskryf die proses

waarlangs hierdie afwaartse gang verder verloop het. Hierdie blye toon van versekering, sê Bavinck, het nog tot in die Dordtse periode nageklink, maar daarna het onsekerheid en vrees die botoon begin voer. Die geloof van die sestiende eeu het vervloei in die dooie ortodoksie van die sewentiende eeu. Daarin is nie meer die geloof bely nie, net die belydenis is nog geglo. Hierdie ortodoksie het die weg gebaan vir die Rasionalisme, wat die godsdiens tot 'n saak van die verstand gemaak het, en die waarheid aangaande die ewige dinge afhanklik gemaak het van historiese bewyse en verstandelike redeneringe, en die sekerheid van die geloof verwar het met die insig van die verstand.

Maar aangesien die mens aan verstandelike kennis nie genoeg het nie, het hierdie ontwikkeling by die vromes die reaksie opgeroep om die wese van godsvrug in bevinding te soek en hoe langer hoe meer in piëtisme te verval.

Maar as jou geloof so sterk op jou verstand en jou sintuiglike waarneming toegespits is, dan het jy ook behoefte aan sintuiglike waarneembare tekens in jouself dat jy nie 'n verworpene is nie. En dit is 'n ingewikkelde saak. Die grens tussen die onwedergeborene op sy beste en die wedergeborene op sy slegste is so vloeiend vir ons waarneming! Die „beste hipokriet" lyk vir ons baie beter as „die slegste gelowige". Die gelowige is dus genoodsaak om sy oë na binne te slaan om daar haarfyn na te speur of die eienskappe van 'n ware gelowige by hom aanwesig is. En by hierdie selfondersoek is hy tegemoet gekom deur die werke van die ou outeurs, stigtelike werke van godvrugtige skrywers, wat die geestelike lewe tot in sy diepste roersele nagespeur en ontleed het, en die proses van wedergeboorte en geloof hoe langer hoe meer skolasties in 'n reeks van ervaringe beskryf en vasgelê het.

## DIE PURITEINE

Hierdie weg was nie enkel 'n neerwaartse gang nie. Alles hierin was nie onsuiwer nie. In besonder by die Engelse Puriteine en die Skotse Calviniste van die sewentiende eeu het daar ryke geestelike voedsel tot openbaring gekom. 'n Mens dink aan klassieke werkies soos die eenling van William Guthrie: „The Christian's great interest", wat ongelukkig nou uit druk is. Ek dink dit sou ons in hierdie tyd, waarin die aksent so sterk op 'n objektiwistiese, saaklike prediking val, die wêreld se goed doen om terdeë van die beste skrywers uit daardie tyd kennis te neem en hulle leer in te drink. Die ou Puriteine was begenadigde heelmeesters van die siel.

## DIE „CALVINISME VAN DIE WOESTYNREIS"

Ongelukkig is by baie skrywers hierdie ervaringe van gelowiges skolasties in vaste normatiewe gang vasgelê. Die Heilige Gees was nie meer soos die wind wat waai waar Hy wil nie: As dit nie met elkeen só gebeur het nie, dan was dit uiters twyfelagtig of hy wel 'n vaste gelowige was. Jy móés eers dodelik getref word deur die gedonder van die wet van Sinaï, los van die konteks van die verlossing wat daaraan voorafgaan. Iemand wat nie die verdoemende

vonnis van die wet hoor afkondig het en daardeur in doodsnood gebring is nie, het nie behoefte aan Christus nie, so is geglo.

Hierdie ervaring van verlorenheid moes dan 'n korter of langer tyd duur. En wanneer daar dan op die ou end die lig van die evangelie deurgebreek het en die gekruisigde Here Jesus voor jou oog verskyn het, dan het jy nog nie die reg gehad om Hom vir jou toe te eien nie. Daar was die groot gevaar dat jy Hom dalk vir jou sou steel, en „gestolen goed gedijd niet". Jy moet nou eers jarelank sug en kla en bid en hoop, selfs nadat jy met skroom en huiwering die hand van die geloof na Christus uitgesteek het. Geloof en sekerheid is hier radikaal geskei. Sekerheid is iets wat meesal lank na geloof gekom het.

Nou wil ek nie ontken dat dit soms inderdaad by individuele gelowiges langs hierdie weg kan gaan nie. Die sonde was dat hierdie weg van twyfel en wantroue vir almal tot die *norm* gemaak is. Dit laat 'n mens dink aan die lotgevalle van Israel in die woestyn: God se belofte was vir hulle duidelik: hulle moes in geloofsvertroue Kanaän binnetrek. Maar hulle het Hom gewantrou en as straf moes hulle veertig jaar lank in die woestyn rondswerwe. Die dwaling van die sewentiende eeuse Calvinisme was dat die ongeloof van Israel byna tot deug gemaak is. Die straf van veertig jaar is tot die ideale weg, die norm gemaak. Om in geloof aan God se beloftes Kanaän te durf binnetrek, is gesien as die tekens van 'n oppervlakkige geloof wat iets vir jouself toeëien waarop jy nie die reg het nie. Maar die Skrif leer ons dat nie een van hierdie twyfelaars Kanaän op die ou end mόg binnetrek nie. Hulle het in die woestyn gesterwe. So is ook hierdie afwykende teologie deur die Satan gebruik om baie mense van hulle erfgoed te beroof.

Daar het van die blydskap en sekerheid van die Reformatore niks oorgebly nie. Hierdie teologie, wat 'n mens tot op hede nog in Nederland en elders vind, bring 'n verstikkende swaarmoedigheid en lydelikheid in die kerk in, wat 'n mens van naby moet ervaar om te kan glo dat daar soiets onder Calviniste moontlik is. Uitverkiesing wat in die Bybel die grond van ons lof is, het hier geword tot die grond van sugte, twyfel en swaarmoedigheid.

## SKEIDING VAN GELOOF EN SEKERHEID

Die sekerheid is vir hierdie mense nie meer met die geloof gegee nie, dit vloei ook nie daaruit voort nie, maar dit kom van buite af, dikwels meganies deur besondere openbarings of deurdat eensklaps 'n Bybelwoord vir die eerste maal asof in vlammende letters in iemand se gees ingebrand word.

Een van die klassieke van daardie tydperk is die boekie van John Bunyan: „Grace abounding to the chief of sinners" [15]. Kosbare geestelike dokument wat dit is oor die geestelike lewe van daardie tyd, is dit uiteindelik tog weinig meer as 'n verslag van die ongeloof en wantroue van Bunyan. En hierdie soort ervaring het vir tallose mense die norm geword van hoe dit hoort. Baie min mense in hierdie kringe kom ooit tot geloofsekerheid. Tot in hulle sterwensure bly hulle klagend en sugtend voortstrompel op die lewensweg.

Intussen is hulle 'n arm en ellendige volk, altyd met die stuk van die ellende besig, selde of ooit roemende in die verlossing wat daar in Jesus Christus is, en selde kom hulle tot 'n blymoédige lewe van dankbaarheid [16].

HIPERCALVINISME EN DIE AANBOD VAN GENADE

Hierdie droewige toestand is vererger deur die opkoms van dié soort hipercalvinisme wat geleer het dat daar nie 'n ware en ernstige alomvattende oproep vir alle sondare is om na Christus toe te kom nie. (Nou sal u merk waarom ek soveel aandag bestee het aan die universele aanbod van genade by Calvyn). Die hipercalviniste het geleer dat Christus net vir diegene wat kragdadig deur God geroep word as Saligmaker aangebied mag word. Hulle het die fout gemaak om met hulle beperkte en sondige menslike verstand verder as die Skrif te probeer redeneer, wat Calvyn nooit wou doen nie, en konsekwensies te trek wat die Skrif nie trek nie, skynbaar logies, maar onskriftuurlik. Daar is as volg geredeneer: Die mens is geestelik dood. Dus kan hy nie tot geloof opgeroep word nie. Dít het die hipercalviniste met die Arminiane in gemeen, dat hulle van oordeel is dat die mens se verantwoordelikheid prakties deur sy vermoë of onvermoë beperk word. Beide bly in gebreke om te besef dat die onmag van die mens sy eie skuld is. Dit is die gevolg van sy sonde, en dit kan nooit God sy reg ontneem om bekering, gehoorsaamheid en geloof van die mens te eis nie. Inteendeel, wanneer God die mens wat die Verlosser nodig het, aansê om Hom te aanvaar, dan het God die volste reg hiertoe. Hy wat die dowes aansê om te hoor, die blindes om te sien en die dooies om op te staan, is soewerein bo menslike redenasies en vermoëns verhewe.

Maar as die prediking dít vergeet en eensydig op die onmag van die mens hamer, dan word vir die hoorder al gou ons onmag God se skuld, en in die praktyk ook God se onmag! Die weg van terugkeer na die enigste Verlosser word gesluit, en alle aandag val op selfondersoek om te kyk of daar dalk tekens van voorbereidende genade by jou aanwesig is voordat jy maar net selfs mag *oorweeg* om jou hand na Christus uit te steek. Die stem van waarskuwing tot die ongelowige en onbekeerlike het geswyg, en die pleit by die verlorene om tot Christus te vlug, het verstom. Hy *kan* mos nie! Dus *hoef* hy nie!

Dit was asof aan die Israeliete wat in die woestyn deur die giftige slange gebyt is, verkondig is om eers baie goed na hulle bytplekke te kyk, om eers hulle pyne en al die uitwerking van die gif in hulle bloedstroom te ontleed en te ervaar, voordat hulle mog opkyk na die koperslang. Maar die Bybel sê nie dat ons na onsself en ons verlorenheid moet bly staar nie; ons word opgeroep om na Jesus te kyk. Ons geloof is nie op ons *geloof* toegespits nie, dit is op *Jesus* toegespits.

'N OMGEKEERDE HEILSORDE

Met hierdie aksente het 'n sterk *legalistiese* element die Calvi-

nisme binnegesluip. In die praktyk is die heilsorde omgekeer. Iemand moes nou éérs die vrugte van die geloof toon voordat hy kon glo! Die Evangelie het 'n wet geword, God se gawe 'n eis, sy belofte 'n voorwaarde. Die reg en vrymoedigheid om te glo is eers aan die einde, as vrug van 'n lang reeks goeie werke of egte bevindinge deur die priesters van die kerk of deur die keurmeesters van die geestelike lewe aan die gelowige toegeken. Die geloof is deur 'n lang reeks ervaringe van sy voorwerp, van die genade in Christus, geskei, en tot bespieding en navorsing van sy eie ontwikkelingsgang verplig. Hy het tevergeefs *in homself* gesoek wat hy alleen *in Christus* kon vind: sy vastheid en sekerheid [17].

Die Here Jesus sê: „*Kom na My toe,* almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Mat. 11 : 28). Paulus sê van die Here Jesus: „*Hy* het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing" (1 Kor. 1 : 30).

Met die verwording van die Calvinisme het ook die *mistisisme* ingesluip: Die Woord is nie genoeg nie; jy moet wag op 'n besondere openbaring voordat jy enigsins sekerheid kan hê.

Ewe verwoestend was die *lydelike element* wat hiermee ingesluip het. Paulus sê: „Dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy heilige plan uit te voer" (Fil. 2 : 13). Dit kom van God; Hy stel jou in staat, dus kan en moet jy kom. Maar die lydelike prediking sê: Dit is God wat dit moet doen, dus kan *jy* dit nie doen nie. Ons hoor nog te veel van hierdie lydelike hipercalvinisme wat meer Calvinisties as die Skrif en Calvyn probeer wees, ook in ons eie kringe. Jy sou dan selfs nie aan iemand mag vra: „Wil jy Christus aanvaar?" nie, want die mens kan Christus nie aanvaar nie. Moet miskien *hier* die wortel gesoek word van baie van die halfhartigheid, selfs wantroue en weerstand teenoor dié soort evangelisasie wat Christus onvoorwaardelik vir sondaars aanbied?

Dit verbaas 'n mens in die lig hiervan glad nie dat mense, omdat hulle hierdie soort Calvinisme as die enigste soort Calvinisme leer ken en nie die Calvinisme van die Skrif en Calvyn self ervaar nie, dan maar hulle toevlug na die dwaling van die Arminianisme neem, omdat hulle dáár ten minste iets van die verantwoordelikheid van die mens sien.

## NOU DIE „TOEPASSING VAN DIE PREEK"

Ons uitgangspunt moet wees, in ons prediking, pastorale werk, evangelisasie en sending, dat geloofsekerheid *'n noodsaaklike element* van die ware geloof is. Dit het Prof. P. J. Coetzee duidelik genoeg in sy reeds aangehaalde lesing aangetoon.

## TWYFEL IS SONDE

In die eerste plek omdat *twyfel sonde* is. Dit doen God oneer aan. Dit is wantroue wat Hy nie verdien nie. Die Dordtse Leerreëls praat van „die vertwyfelinge van die vlees" [18], waarmee die skriftuurlike getuienis erken word dat twyfel en onsekerheid sy oorsprong in die *vlees* het, in die *sarx,* die natuurlike mens, die ou mens, die mens wat homself nie aan God onderwerp nie en van

nature vyandig teenoor God bly. Dit is ewe waar dat die Skrif leer dat ons almal sondare is, en wie dit ontken, verkondig dwaalleer. Maar net so min as wat die sondigheid van ons menslike natuur ons die reg gee om te sondig, net so min gee ons wantrouige geaardheid ons die reg om aan God se beloftes te twyfel.

Onomwonde moet in die prediking die waarheid verkondig word dat twyfel sonde is, snode wantroue teenoor 'n betroubare God.

Bowendien veroorsaak onsekerheid dat ons *benede ons erfenis* as kinders van God leef. God se Naam word in die wêreld ontheilig, sy eer word geskend, deur 'n Christendom wat nie kan roem in die Here nie, wat i.p.v. om blydskap uit te straal, gedurig onder swaarmoedigheid gebuk te gaan.

As ons God nie wantrou nie, maar glo, dan weet ons dat die belangrikste saak in ons lewe 'n afgehandelde saak is, dat ons grootste skuld betaal is, dat ons grootste siekte genees is, dat ons grootste werk 'n voltooide werk is — alles deur Jesus Christus [19]. Dit word vir ons ten oorvloede beloof en bevestig in die Genadeverbond met sy beloftes, tekens en eise.

## SEKERHEID EN DAADKRAG

Sekerheid van God se liefde inspireer ons tot daadkrag. Gelowiges wat gedurig onder aanvegting van onsekerheid gebuk moes gaan, en nogtans groot dinge in die Naam van God aangedurf het, is die uitsondering eerder as die reël. Biskop Ryle gebruik die beeld van iemand wat 'n erfenis ontvang het, met die kaart en transport in sy sak, geteken deur die verantwoordelike amptenare, maar wat so wantrouig van geaardheid is dat hy dag na dag by die aktekantoor boer om seker te maak dat daar nie iets met die akte verkeerd is nie, en vergelyk dan hierdie persoon met 'n ander een, wat sy vertroue skenk aan die geldige dokumente, wat dan op grond daarvan sy erfenis opeis en daarop begin werk en woeker. Hý pluk die vrugte daarvan. Die eerste kom nooit sover om iets met sy erfenis te doen nie [20].

Biskop Latimer het op 'n keer gesê: „Wanneer ek in versekering oor my staat voor God lewe, is ek so dapper as 'n leeu .... Maar wanneer my vertroosting verduister word, word ek so vreesagtig dat ek in elke muisgaatjie wil gaan wegkruip" [21].

Geen wonder dan dat in kringe waar twyfel as 'n geestelike deug aangeprys en gekultiveer word, so min van Christelike liefdediens sprake is, en so min aandag aan evangelisasie gegee word nie. Al wat wel aandag kry, is die sending in ander, verre lande, want dan kan jy die sendeling as 'n soort plaasvervangersfiguur, wat alles is wat jy voel jy behoort te wees maar nie is nie, uitstuur, en idealiseer, en jou verlustig in die romantiek van sy verre arbeid.

## SEKERHEID EN HEILIGMAKING

Sekerheid van God se liefde bring dankbaarheid, liefde en 'n heilige oorgawe aan God mee. Dit is presies die teenoorgestelde van die Roomse standpunt, soos uitgedruk o.a. deur Kardinaal Bellarmino, dat „sekerheid van saligheid onverskilligheid en geestelike

slordigheid meebring"[22]. Die Roomse standpunt is dat dit goed is om onseker te bly tot op die end, omdat dit jou geestelik op die punte van jou tone hou uit vrees vir die hel. Maar die hele aksent van die Skrif is anders: „Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het God lief omdat Hy ons eerste liefgehad het" (1 Joh. 4 : 18—19). Liefde is 'n sterker dryfveer tot heiligheid as vrees. Die Skrif leer dit; die praktyk van die sedelike lewe in Roomse lande bewys dit; u eie liefde en dankbaarheid en toewyding teenoor God u Verlosser bevestig dit.

### VERKONDIG GOD SE SOEWEREINE LIEFDE!

Dus wil ek by u pleit dat die leer van God se soewereine liefde en genade soos ons dit in sy verkiesing vind, soos die Skrif dit leer en soos Calvyn dit vir ons uit die Skrif ontvou het, in ons prediking sy volle aksent sal ontvang. Die evangelie dat God uit soewereine liefde die mens, wat van nature in sonde dood is, deur sy onveranderlike besluit tot die ewige lewe uitverkies het; dat Christus vir daardie uitverkore liggaam van Hom met sy eie lewe betaal het; dat die uitverkorenes onweerstaanbaar deur die Heilige Gees tot lewe geroep word en nooit ewig verlore sal gaan nie, is nie 'n „decretum horribile" wat óngelukkig waar is, maar waaroor so min as moontlik gepraat of gepreek moet word nie; dit is 'n blye evangelie. Die uitverkiesing is nie die rede waarom mense verlore gaan nie. Mense gaan verlore op grond van hulle eie sondeskuld. Die uitverkiesing is die rede — die enigste rede — waarom mense gered word. Was daar geen uitverkiesing nie, dan sou niemand ooit gered kon word nie.

As ons die *uitverkiesende God* verkondig, kan ons ook die *getroue God* verkondig. In Hom is ons sekerheid geleë, in sy verkiesende liefde.

### VALSE SEKERHEID

Ook hierin moet die balans gehandhaaf word deur die Woord as sleutel te hanteer wat oop én toe sluit. Valse sekerhede moet afgebreek word voordat egte sekerheid verkry kan word. Die afwesigheid van aanvegting en vertwyfeling is nie altyd die teken van 'n geestelike hoogwatermerk by die kerk en die gelowige nie. Dit kán wel dit wees, soos die geval was in die tyd van die Nuwe Testament en die eerste jare van Reformasie. Baie gelowiges, ook in ons eie tyd, word hierdie twyfel gespaar omdat hulle nie God kán wantrou nie. Dit gaan met hulle soos met die bekende César Malan uit die tyd van die Reveil, wat gesê het dat sy geloofslewe in sy prille jeug ontwaak het soos 'n kindjie wat deur sy moeder wakker gekus word, en dat hy sedertdien nog nooit een dag van twyfel beleef het nie[23]. U kan God nooit dankbaar genoeg daarvoor wees as dít met u die geval is nie.

Maar ongelukkig kán die afwesigheid van twyfel ook die simptoom wees van 'n oppervlakkige geloofslewe, of selfs van die afwesigheid van enige geloofslewe hoegenaamd. Amos sê: „Wee die gerustes

in Sion en die sorgeloses op die berg van Samaria" (6 : 1) Hulle was ook gerus. Hulle het ook nie twyfel gehad nie. In soverre as wat hulle hoegenaamd aan God gedink het, het hulle nie aan sy guns getwyfel nie. Maar die profete vlek hierdie gerustheid en sekerheid oop as rustende op 'n valse grondslag. Hulle is nie seker omdat hulle God ken nie, hulle is seker omdat hulle Hom nié ken nie!

Hiervan sê die bekende Skotse sendeling, „Rabbi" Duncan, wat self baie onder vertwyfeling gely het, die volgende: „Ek het baie simpatie met daardie vorm van twyfel wat opkom uit die hoë verwagtings wat mense van die karakter van 'n Christen koester, gegrond op die tekening wat die Skrif gee van wat alle ware gelowiges behoort te wees, terwyl hierdie mense 'n lae dunk het van wat hulle self bereik het." En dan voeg hy daaraan toe: „Wanneer dit geleer word dat geloof noodwendig volle versekering inhou, gaan die volgende generasie uit pure gewoonte niks daarvan dink dat die mees ongeestelike mense die hoogste aansprake van sekerheid maak nie" [24]. Hier gaan dit oor die valse sekerheid van mense wat sekerheid het net omdat hulle baie van hulleself dink en min van God se heiligheid en geregtigheid.

John Marshall merk dan verder daarby op: „First of all we live in an age of superficiality, superficiality not least in spiritual experience. We are often confronted with those who, professing to be Christians, yet lack even basic evidence of regeneration. Such people point back to some experience they have had as the basis of their assurance and are most reluctant to engage in selfexamination. Indeed there are those who would accuse us of spreading alarm and despondency because we hold to the quite clear biblical teaching that we are not saved by experience and that there is such a thing as spurious conversion .... there is teaching which, by a horrid confusion and misunderstanding of the doctrine of the perseverance of the saints with a kind of easy believism, almost encourages professed believers to live in a careless manner in disregard of the law of God. At the same time it promises to such unholiness, the blessedness of heaven." Die innerlike leegte en onwerklikheid waartoe hierdie soort verstandgeloof lei, dryf mense dan na allerhande soort „second blessing"-ervarings om daar in opwinding ware sekerheid te probeer kry, sê Marshall [25].

Gesien die geestelike toestand in Suid-Afrika waarin ons nou lewe, moet ons terdeë daarmee rekening hou dat baie van die gerustheid waarmee ons te doene kry, die simptome is van 'n geestelike laagwatermerk eerder as iets anders. Mense is gerus omdat hulle eenvoudig nie genoeg vir God en sy ewige dinge omgee om daaroor ongerus te wees nie. Die tyd mag naby wees dat ons die eerste tekens van herlewing daarin sien dat mense weer *onrustig* begin word en hulle begin bekommer oor hulle geestelike staat voor God. Herlewing het altyd begin met kennis van ellende. Die Heilige Gees het gekom om ons van sonde te oortuig, en van geregtigheid, en oordeel (Joh. 16 : 8).

En as hierdie valse sekerhede afgebreek word, is die weg oop om mense na ware sekerheid te lei.

HOE HELP 'N MENS 'N TWYFELAAR?

Nou kan die vraag gestel word: „Maar hoe kan 'n *mens* dit doen? Dit is tog die Heilige Gees wat die sekerheid in ons harte werk?"

Agter so 'n vraag sit m.i. 'n soort mistisisme wat die Gees van sy Woord skei. As ek 'n bedienaar van die Woord is, het God sy Woord aan my toevertrou, die kragtige swaard van die Gees, wat selfs lewe uit die dood wek. Ons besef nie altyd watter magtige genademiddel God in ons hand gegee het nie, anders sou ons dit met groter vertroue en erns gebruik het. Mag ek uit die Dordtse Leerreëls aanhaal: „So moet dan ook nou diegene wat in die gemeente onderrig gee of diegene wat onderrig ontvang, hulle geensins inbeeld nie dat hulle God kan versoek deur die dinge te skei wat God na sy welbehae wou saamvoeg. Want deur middel van die vermaninge word die genade meegedeel" (3/4, 17). Hier het u die remedie teen valse mistisisme, sowel by bedienaar as by hoorder van die Woord. Maar dan moet ek self as bedienaar daardie beloftes vir my toegeëien het; dan moet hulle vir my ontsaglike werklikhede wees.

Watter onbeskryflike rykdom is daar nie in hierdie evangelie om aan die gemeente van die Here te verkondig nie:

'n Onverbreekbare trou, (Ps. 89 : 34)
'n liefde waaraan daar geen grens of einde is nie, (Ps. 138 : 8)
'n werk van God se hande wat nooit laat vaar word nie, (Ps. 138 : 8 en Fil. 1 : 6)
'n lewe sonder einde, (Joh. 3 : 16)
'n eindelose bron van water wat lewe gee wat ontspruit uit die binneste van hom wat dit glo, (Joh. 4 : 14)
'n gawe wat nooit verloor kan word nie, (Joh. 6 : 37–39)
'n Hand waaruit die skape van die Goeie Herder nooit geruk kan word nie, (Joh. 10 : 28)
'n onverbreekbare ketting, (Rom. 8 : 29–30)
'n liefde waarvan niks ons ooit sal kan skei nie, (Rom. 8 : 39)
'n kragdadige roeping wat nooit teruggetrek kan word nie, (Rom. 11 : 29)
'n fondament wat nooit vernietig kan word nie, (2 Tim. 2 : 19)
'n erfenis wat nooit kan verwelk nie. (1 Petr. 1 : 4) [26].

Watter beloftes het 'n gelowige nog meer as dit nodig om sekerheid te kan hê?

Die prediking moet hierdie beloftes sterk na vore bring, en op grond daarvan die gelowige oproep tot *kaúchêma,* roem in die Here. Dit is wat Paulus doen in Rom. 5 : 3, 11 en Ef .1.

DIE PASTORALE SORG

Alles wat oor die prediking gesê word, geld mutatis mutandis ook hier. Pastorale sorg is niks anders nie as hantering en verkondiging van die Woord aan die individuele gelowige. Hierby moet gepleit word om bekering van die praktyk van oppervlakkige sielsorg, sodat ons in die pastorale gesprek dit nie sal nalaat om deur te dring na die wortel van die verhouding van elke lidmaat

en katkisant tot God nie. (Hoe selde word dit gedoen! Ek het al predikante hoor vra: „Nou maar hoe moet ek dit doen?" Broeders, besef ons wel dat ons voor God verantwoordelik is vir die ewige welsyn van die lidmate van Christus wat aan ons sorg toevertrou is?)

'n Pastor moet elke lidmaat onomwonde vra of hy seker is dat hy uitverkies is, en as die lidmaat wel seker is, moet hy ook rekenskap kan gee van die gronde van sy sekerheid. (1 Petrus 3 : 15). Anders loop ons die gevaar om met ontroue lidmate oor allerhande simptome te sit en raas en nie tot die wortel deur te dring nie. Hoe kan jy van iemand wat hom nooit aan die heerskappy van Christus onderwerp het nie, verwag om soos 'n bekeerde mens te lewe?

Maar nie net probleemlidmate moet onomwonde na hulle sekerheid en die grond daarvan gevra word nie. Daar is baie lidmate wat in stilte deur twyfel gekwel word, wat dit nooit met hulle pastor sal bespreek as hy hulle nie daarna vra nie. Om eenvoudig aan te neem dat alle lidmate sekerheid het, of selfs weet dat 'n mens sekerheid van saligheid kán hê, gaan beteken dat baie lidmate in hulle twyfel gelaat word en tot die dag van hulle dood nooit die vreugde en krag van die sekerheid van die geloof ervaar nie. Om hierdie pastorale taak na te laat, is ontrou.

As 'n lidmaat nie sekerheid het nie, moet hy gehelp word om die oorsaak van die onsekerheid op te spoor: Is dit gebrek aan kennis van God se beloftes? Is dit 'n bloot verstandelike geloof wat nog nooit Christus vir homself toegeëien het nie? Is dit die gevolg van onbekeerlikheid of bedroewing van die Heilige Gees in sy lewe? Is dit misverstand oor die aard van die uitverkiesing? Daar is baie moontlike oorsake.

BAXTER

Die klassieke model vir reformatoriese pastorale bediening, Richard Baxter, het gesê dat hy verbaas was oor die onkunde wat by die huisbesoek ontdek word wanneer lidmate na hulle kennis oor geloofsake gevra word. Baxter se prediking was nie vae, teoretiese bespiegeling nie, dit was helder, eenvoudig, bewoë, op die man af. As iemand ooit duidelik gespreek het, dan was dit hy. Nogtans moes hy vind dat na tien jaar van hierdie prediking baie wat Sondag na Sondag onder sy gehoor was, nog baie wandenkbeelde oor die mees basiese Christelike waarhede gehad het. Hierdie wandenkbeelde kon eers in persoonlike pastorale bediening opgespoor en uit die weg geruim word.

In hierdie pastorale sorg sal met groot liefde, onderskeidingsvermoë en beslistheid in elke geval die Woord na die besondere omstandighede van elkeen moet spreek. Die lidmaat wat weier om hom aan die volkome heerskappy van die Here Jesus te onderwerp, moet tot bekering opgeroep word: die rebel tot oorgawe. Die persoon met die swak en klein geloof moet versterk word. Die feit dat God in sy genade ons swak geloof as eg aanvaar beteken nie dat 'n swak geloof aan Hom al sy eer gee nie. Dit bly sonde. Die geknakte riet moet nie hoor dat dit nie saak maak dat hy geknak

is nie, behalwe dat dit 'n bietjie jammer is vir homself; hy moet gespalk word. Die rokende lamppit moet nie gelos word om voort te rook nie; hy moet opvlam. Hy moet weet dat die evangelie vir hom daar is, so seker as wat die Woord van God waar is: Christus is daar as volkome Verlosser vir elkeen wat na Hom kom! Hy het vir die magtelose gesterf. Dit is geen aanmatiging om Hom aan te neem nie; inteendeel, dit is sy bevel, en Hy maak jou gewillig om dit te doen[27]. Soos in die prediking, moet ook in die pastoraat die lidmaat na God se verbondsbeloftes verwys word, en na die eis tot geloof.

PREDESTINASIEANGS

Die meeste van ons kom een of ander tyd met lidmate in aanraking wat gebuk gaan onder wat 'n mens kan noem „predestinasieangs". Dit mag van nut wees om kennis te neem hoe Luther sulke mense in sy pastoraat benader het. Hieronymus Weller, 'n groot vriend van Luther, het 'n suster gehad met die naam van Barbara Lisskirchen, wat swaar aanvegtinge van predestinasieangs gehad het. Luther skryf in 'n brief wat bewaar gebly het aan haar die volgende: „Ek het hierdie siekte self geken; ek het daaronder gely tot op die rand van die ewige dood .... Ek wil u ook laat sien hoe God my daarvan verlos het .... Ten eerste moet u goed besef dat sulke gedagtes gewis influisteringe en vurige pyle van die duiwel is .... Ten tweede moet u leer om wanneer sulke gedagtes u oorval, u af te vra: In watter gebod van God staan dit dat ek hieraan moet dink of so moet handel? En as dit blyk dat u nie so 'n gebod kan vind nie, dan moet u sê: Weg is jy, aaklige duiwel! Jy wil my daartoe verlei dat ek self my kwellings moet dra, maar God sê my orals dat ek al my kwellinge op Hom moet werp .... (en dan verwys hy na 1 Petr. 5 : 7 en Ps. 55 : 23) .... Ten vierde: Onder al die gebooie van God is hierdie een die hoogste, dat ons sy liewe Seun, onse Here Jesus Christus voor oë moet stel; Hy moet vir ons hart die daaglikse en allerbelangrikste spieël wees, waarin ons sien hoe lief God ons het. Glo jy, dan is jy geroep, en is jy geroep, dan is jy gewis ook uitverkore .... As daar bose gedagtes in jou opkom, moet jy nie jou aandag op die gedagtes wat jou soos giftige slange byt, toespits nie, maar spits jou aandag toe op die Koperslang, d.w.s.: op Christus wat aan jou gegee is .... As daar weer sulke gedagtes in jou opkom, maak soos iemand wat per ongeluk mis in sy mond gekry het en spoeg dit dadelik uit ...." Tot sover 'n paar aanhalings uit hierdie pragtige brief van Luther[28].

EVANGELISASIE EN SENDING

Soos die ewige verkiesing van God die enigste grond is van ons saligheid, so is dit ook die enigste rede waarom ons sending en evangelisasie kan doen, in die vertroue dat God sy Woord in die mond van sy kinders wil gebruik om die uitverkorenes onweerstaanbaar tot die lewe te roep. Die onweerstaanbare roeping is 'n integrale deel van die leer van die uitverkiesing.

In hierdie vertroue, en op die voetspoor van Calvyn, kan ons

Christus aan elkeen sonder onderskeid as die enigste en die volkome Verlosser *aanbied.* En as hy Christus as Verlosser en Koning aanvaar het, dan kan ons hom ook die versekering gee dat as dit opreg is, hy seker kan wees van die ewige lewe.

Die rykdom van die evangelie van God se soewereine verkiesing stempel nie net die *inhoud* van ons boodskap nie, maar ook ons *optrede.* Jy kan beswaarlik 'n evangelie verkondig waarvan jy nie seker is dat dit ook vir jouself goeie nuus is nie. Jy het as getuie van Christus die *parrêsia,* die vrymoedigheid wat sekerheid jou bied, nodig, anders sal die persoon met wie jy praat baie gou agterkom dit is blote hoorsêgetuienis waarmee hy te doene het, en min mense beskou hierdie soort hoorsêgetuienis as die moeite werd om aandag aan te gee.

Die *kaûchêma,* die roem en blydskap oor die sekerheid in Jesus Christus, wat ons erfdeel is en wat die erfdeel kan wees van elkeen wat Christus as Verlosser aanneem, sal dikwels 'n baie kragtige invalspoort by evangelisasie wees. *Dit* is 'n positiewe benadering. Dit val nie uit die staanspoor die objek aan nie; dit plaas hom nie uit die staanspoor op die verdediging nie, maar deur jou eie hart vir hom oop te maak met die betuiging van God se verkiesende trou teenoor jou, skep jy die atmosfeer waarin hy ook bereid mag wees om te luister na die hele evangelie wat jy bring, om te hoor waarop jy hierdie *kaûchêma* van jou grond. In besonder by Jode en Moslems het dit geblyk dat die elenktiese benadering, wat in argumente verval, meesal by voorbaat alle kommunikasie afbreek. Maar die getuienis van die sekerheid wat berus op God se trou teenoor jou, is 'n persoonlike benadering en is tog onweerlegbaar! Dit is merkwaardig hoe hierdie benadering besig is om deur die getuienis van Christenamptenare, tegnici en selfs toeriste die Moslemwêreld vir Christus oop te breek, meer as die elenktiese benadering van baie sendelinge.

## DIE SENDING IN AFRIKA

In Afrika onder die swart mense vind 'n mens dieselfde vae soort hoop op die ewige lewe, wat onmiddellik ineenstort sodra jy na die grond daarvan vra.

Dit blyk dat die agtergrond van hierdie vae hoop die universalistiese wêreldbeskouing van Afrika is. Vir die tradisionele Afrikaan is God, in sover daar hoegenaamd aan Hom aandag gegee word, 'n goedige, skadelose ou kosmiese oupa, wat nooit iemand sal verwerp nie en wat die Alvader is (u herken die term uit die novelles van G. H. Franz), die Alvader, nie op grond van uitverkiesing of verlossing nie, maar op grond van sy rol as Skepper. Ek het al Christenhelpers heidene by 'n begrafnis hoor troos met die woorde: „God sal tog nooit 'n skepsel van hom verlore laat gaan nie."

Die moontlikheid van die verwerping deur God word uit die bewussyn van die Afrikaan verdring en moet baie pertinent na vore gebring word. Dikwels gaan daar 'n skok van herkenning deur iemand wanneer jy hom vra: „Nou maar waarom sê die Here Jesus dan dat die poort wat na die verderf lei, wyd is en die pad daarheen breed, en dat baie daardeur ingaan?" (Mt. 7 : 13).

Daarby kom die tragiese feit dat maar 'n baie klein persentasie van swart kerklidmate werklik die evangelie verstaan, of selfs die basiese beginsels van die weg van verlossing ken. Ons moet besef dat Calviniste onder swart mense maar 'n *klein* minderheid is. Die meeste van hulle hoor dit prakties nooit van die kansel af verkondig nie. Hulle hoor 'n vae, moralistiese wettiese prediking of anders 'n neo-Marxistiese swart teologie. Maar ook onder Gereformeerdes heers daar grootskaalse onkunde.

Die remedie hiervoor is nie 'n eensydige apologetiese prediking nie — dit was miskien die fout van baie van ons in die verlede, myself inkluis dat die basiese waarhede in die apologie teen heidendom verslind is. Die remedie teen hierdie onkunde is verkondiging van die basiese waarhede van die heiligheid en geregtigheid van God, die verlorenheid, onmag en skuld van die mens, die vrye, verkiesende liefde van God in Christus Jesus, en verlossing deur die geloof in Hom, 'n geloof wat oorgawe, vertroue en sekerheid is.

VERWYSINGS

1 T. Wever, Franeker, ongedateerd pp. 57, 61.

2 Idem, p. 7.

3 Dijk, K. *Van eeuwigheid verkoren,* Delft, N.V. Meinema, 1952, p. 168.

4 IDS, 14 Nr. 54, Junie 1980.

5 Aw, p. 5.

6 Aw, p. 7.

7 Ibidem.

8 Ibidem.

9 Sien verder „Opera omnia". Aangehaal deur P. J. Buys „EEIII, waarom en hoe dit aangepas kan word". (Ongepubliseerde lesing, 1981).

10 Aw, p. 171.

11 Dordt 5.11.

12 Macleod, John. *Scottish Theology* pp. 30–31. Edinburgh, Banner of Truth, Reprinted 1974.

13 *De zekerheid des geloofs*, p. 45vv. Kampen, Kok, 1903.

14 *Scottish Theology*, pp. 140vv.

15 Evangelical Press, herdruk 1978.

16 H. Bavinck, aw. p. 49.

17 Idem, p. 95–6.
Dijk, aw. p. 171.

18 5.11.

19 Sien J. C. Ryle: *Holiness*, Cambridge, Clarke & Co, 4de druk 1977, p. 110–8.

20 Aw, p. 114.

21 Aangehaal deur John Marshall: *„Rabbi" Duncan and the problem of assurance,* in „The Banner of Truth", Nr. 207, p. 9. Hierdie „Rabbi" Duncan was 'n voorbeeld van iemand wat baie ander aanvegtinge van onsekerheid moes

ly, en nogtans op 'n kragtige wyse deur God gebruik is as dosent, teoloog, prediker en sendeling onder die Jode.

22 Aangehaal in Ryle, aw. p 116.

23 John Marshall, aagehaalde artikel in „The Banner of Truth", Nr. 102, p. 24.

24 Idem, „Banner of Truth", Nr. 206, p. 5.

25 Ibidem, p. 8.

26 Sien Hendriksen, *Philippians*, Londen, Banner of Truth, 2e druk 1973, p. 55.

27 John Macleod, aw., pp 163–4, 166, 246.

28 Exalto, K. *Een proefje van Luther's pastoraat.* In „De Wekker", Jaargang 90 No. 11 (9 Jan. 1981), p. 84.